

Die seuns van God

Teks: Genesis 6: 1 - 8
Teksvers: Genesis 6: 1, 2

1. Inleiding

Geliefdes dit is duidelik met die eerste aanhoor van ons teksgedeelte dat ons vanoggend op onbekende gebied is. Die term seuns, met die klem op die meervoud, is nie algemene of gewilde saak in die Bybel nie. Daaroor is daar nie baie preke of bybelstudies oor die onderwerp nie. Of miskien moet ons sê baie bybelgetroue eerlike studies oor die onderwerp nie. Want hierdie vae moeilik verklaarbare gedeeltes is gewoonlik die kos van valse profete. Hulle begin gewoonlik hulle uitleg met die kerk is stil oor die betekenis van hierdie teks, maar hier is die ware betekenis.....

Tog is die waarheid dat die kerk nie stil is oor hierdie teksgedeeltes nie. Want dit is vergesog om te dink dat die kerk deur die eeue nog nooit hierdie of daardie vers in die Bybel raakgesien het nie. Die kerk het 'n definitiewe standpunt en interpretasies van 'n teksgedeelte. Hierdie interpretasie en standpunte is dan ook onder die leiding van die Heilige Gees opgestel. Maar omdat dit gewoonlik nie so belangrike posisie in die uitdra van die evangelie beslaan nie, is preke en studies daaroor minder as ander sleutel gedeeltes.

Oor Genesis 6 het die kerk en gereformeerde teologie wel 'n verklaring en interpretasie. Dit word al deur die jare biddend onder die leiding van die Heilige Gees uitgelê en weergegee. Daar is veral drie maniere waarop hierdie teks deur die eeue verklaar is. Ons gaan vervolgens vanoggend na hierdie drie interpretasies kyk. Ten einde gaan ons dan ook fokus op 'n toepassing en uitlegging wat tot eer van God en uitbreiding van die kerk is. Want uiteindelik is daar 'n groter boodskap as die blote bonatuurlike besonderhede waarin so maklik vasgekyk word.

2. Die Engel interpretasie

Wanneer ons die 83 en 2020 vertaling lees sien ons die woord hemelwesens, dit is die manier waarop “die seuns van God” vertaal word. Die 53 teks behou die letterlike hebreuse konstruksie “seuns van God”. Iets van die Engel interpretasie word ook hierdeur verklap. Volgens hierdie interpretasie sou “die seuns van God” dan hemelwesens, of engele wees wat dan met aardse mense trou en kinders verwek.

Hierdie verduideliking word dan ook vinnig gestaaf met Job 1:6 en Job 38:7 waar die Satan saam met ander hemelwesens voor God verskyn. Dit is dan ook juis hier waar die deur

opgemaak word vir die bese bonatuurlike, en die groot kosmiese stryd tussen goed en sleg en hulle nageslagte. Tog bly die interpretasie vreemd val op die oor, en natuurlik met goeie rede.

Ons hoef maar net na Lukas 16 te blaai om herinner te word aan die groot kloof wat niemand kan oorsteek in Lukas 16:25 nie. Dit is duidelik dat daar nie vrye toegang heer en weer tussen die hemel en aarde is nie. En buitendien stel Jesus ook duidelik in Matteus 22:30 dat engele nie trou of in die huwelik uitgegee word nie. Daarby self nader aan ons teksgedeelte vandag word die oproep of kontak met die bonatuurlike eksplisiet deur die Here verbied, in Levitikus 19 en 20.

Maar daar is ook 'n ander probleem in vandag se samelewing met die engel interpretasie. Hierdie probleem is nie dat die vreemd in 'n wetenskaplike wêreld wat eintlik meestal ateïsties die bonatuurlike ontken nie. Die probleem is eerder daardie bekende slagoffer mentaliteit wat ons dikwels vandag gereeld teëkom. Uit hierdie oogpunt sal iemand reken dat die stryd teen die bese bonatuurlik is, en eintlik ver van ons verwyder is. Dat dan as slagoffers bloot uitgelewer is aan die golwe van hierdie stryd.

Maar alhoewel geloof 'n korporatiewe gesamentlike eienskap het, is die stryd teen die sonde eerder baie individueel en persoonlik. Die rede hiervoor is ons

verlossing in die Here Jesus Christus, wat individueel en persoonlik is. Ons is uiteindelik elkeen persoonlik self verantwoordelik vir die stryd teen die bese. En ons kan hierdie stryd stry deur die krag wat ons ontvang in ons Here Jesus Christus.

3. Die Setitiese interpretasie

Die volgende interpretasie is die oudste en mees gewilde verduideliking in die kerk. Dit is ook die interpretasie wat die beste inpas in die onmiddellike konteks van die teksgedeelte. Verder hoef daar nie so swaar op buite bybelse bronne gesteun te word, om hierdie interpretasie te verduidelik nie. Hierdie interpretasie word die Setitiese interpretasie genoem. Setities is dan afgelei van die eienaam Set, daardie kind van Adam en Eva wat die naam van die Here begin aanroep het.

Die nageslag van Set, wat Setiete genoem word, is dan “die seuns van God”. Hulle is dit omdat hulle uitverkies deur God in 'n verbondverhouding met Hom leef. Maar dan sien die Setitiese mans die mooi vroue buite die verbond raak. Tipies is dit die onregverdige nageslag van Kain. Die wellus kry die oorhand en hierdie “seuns van God” trou dan met hierdie ongeregtige vroue. En dan in plaas van swak DNS, volg sterk DNS, die reuse en sterk manne word gebore. Ongeregtigheid en verdorwenheid word meer op die aarde, tot op die punt waar die Here bedroef is dat Hy die mens geskep het.

Die is veral Psalm 82 met die verwysing na aardse regter as seuns van die Allerhoogste wat hierdie verduideliking laat sin maak. Maar net soos in Psalm 82 sal die “seuns van God” in ons teksgedeelte ook geoordeel word. Ook hulle sal sterwe soos gewone alledaagse mense.

Wat die Setitiese interpretasie tot vandag toe nog in gereformeerde kringe gewild maak, is die sterk fokus op die verbond. Want gereformeerde teologie is natuurlik ook verbondsteologie. Verder plaas dit ook die gevolge van die sonde direk voor die mens se deur. Die mans het hulle vergryp aan dit wat verbode was vir die volk van die Here, en uiteindelik moet die hele wêreld lei onder die sterk manne, die manne van naam. Tog is daar steeds een Naam waarin alle gelowiges tot vandag toe nog verlos word uit die sonde. En dit is die Naam bo alle name, ons Here Jesus Christus.

4. Die Koninklike Tirannie interpretasie

Die laaste verduideliking kom dan eintlik uit ’n die ander hoek uit. En hierdie verduideliking voel ook heel modern. Dit het selfs ’n navolging onder ’n groep Ou Testamentiese akademici wat bekend is vir skrifgetroue konserwatiewe standpunte. Hierdie interpretasie draai die rol in die vorige verduideliking om. Die “seuns van God”, is belangrike of invloedryke regeerders in die wêreld.

Mense met baie mag tot hulle beskikking.

Maar in plaas daarvan om hierdie mag vir die goeie te gebruik, sien ons eerder magsvergrype. Hierdie magtige manne neem vroue teen hulle sin met mag vir hulle self om mee te trou. Een van die bekendste voorbeelde hiervan tref ons in 1 Samuel 11 aan. Daar neem koning Dawid vir Batseba as sy vrou. Hy gebruik dan sy koninklike mag om haar man te laat dood maak. Dit is uiteindelik waar die beskrywing vandaan kom. Dit gaan oor koninklike “seuns van God” wat hulle mag op tiranniese wyse misbruik ten koste van die vroue.

Dit is dan ook teen die wil van die Here. Ons mag nie op enige boelie-gedrag manier ons gawes en seëninge gebruik om ander mense uit te byt nie. Wat konstant bly in al drie die interpretasies, is dat dit wat daar gebeur het verkeerd was in die oë van die Here. Daar kom ’n onmiddellike oordeel en straf in die vorm van mense wat nie ouer sal word as 120 jaar nie. Maar dan volg die groot straf van die sondvloed ook.

Dit is dan ook belangrik in die konteks van ons teksgedeelte om juis nie vir Noag te vergoddelik nie. Hy is nie ’n sondelose mens, met ander woorde nie ’n god nie. Tog kies God vir Noag uit om saam met Hom te wandel. Hy word dan ’n regverdige, opregte man van sy tyd. Maar dit is juis op die punt

van so baie seëninge uit die hand van die Here, wat die versoeking van koninklike tirannie ook na vore kom.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur te vra maar wat sê Genesis 6 dan vir ons vandag? Wanneer dit by die verduideliking en toepassing van hierdie teksgedeelte kom, sien ons steeds vandag die interessante tendens. Mense is gefassineer deur die bonatuurlike. Dikwels skep mense dan ook vir hulleself 'n hele bonatuurlike wêreld. Teksgedeeltes soos Genesis 6 word dan toegangsdeure wat uiteindelik heeltemal buite konteks gerek en manipuleer word.

En onmiddelik moet ons onteenseglik bely dat ons in die bonatuurlike glo. Ons glo in God die almagtige hemelse Vader. Ons glo aan Jesus Christus wat aan Sy regterhand sit. Ons glo ook aan die bonatuurlike werking van geloof in mense wat dood is in die sonde, deur die Heilige Gees.

Maar die stryd teen die bose is uiteindelik nie in die hemel, en ons net die slagoffers daarvan nie. Die stryd is hier op aarde. Want dit is hier waar die mens eerder kies vir die sonde, as vir die eer van die Here. Dit is hier waar die mens sy wellus en eie begeertes uitleef. Uiteindelik is dit hier waar ons Here Jesus Christus aan die kruis moes kom sterf vir ons redding en verlossing.

En daarom is die boodskap vir ons bedoel hier vandag, as kinders van God. Die verleiding en versoeking van die bose is steeds daar. Ons hoor nog die woorde waarmee die bose ons versoek in Genesis 3:5 “julle sal soos God wees”. En dit is juis dan wanneer ons nie moet verlei word deur iemand wat ons sien as 'n seun van God nie. Of verlei word deur menslike skoonheid, wat heiligheid vertroebel. Of van ons self dink dat ons 'n “seun van God” met geen aanspreeklikheid teenoor enige iemand anders staan nie. Nee, kom buig eerder diep voor die Seun van God, ons Here Jesus Christus neer, want daar is verlossing en lewe.

Amen